'N SKOOL MET 'N VISIE VIR KINDERS MET 'N MISSIE — LAERSKOOL 1904 Swellies SWELLENDAM PRIMARY — A SCHOOL WITH A VISION FOR KIDS WITH A MISSION

# AANSOEK OM TOELATING TOT LAERSKOOL SWELLENDAM: NASORG 2024

**Vir Kantoorgebruik:**

| Toelatingsdatum | ID (beide ouers) | Mediese fonds kaart |
|---|---|---|
| | | |

## LEERDERBESONDERHEDE

| | |
|---|---|
| Van | |
| Noemnaam | |
| Volle name | |
| Geslag | |
| Geboortedatum | |
| Klasonderwyser: 2024 | |
| Graad: 2024 | |

## OUER/VOOG BESONDERHEDE

| | Ouer/Voog 1 | Ouer/Voog 2 |
|---|---|---|
| Verwantskap | | |
| Huwelikstatus | | |
| Volle name | | |
| Van | | |
| Selfoonnommer | | |
| Telefoon Huis | | |
| Telefoon Werk | | |
| E-posadres | | |
| Beroep | | |
| Werkgewer | | |
| Werkgewer Telefoonnr | | |
| Woonadres | | |

## MEDIESE BESONDERHEDE

Heg asseblief 'n afskrif van ouers se identiteitsdokument en mediese-fonds besonderhede aan.

| | |
|---|---|
| Naam: Mediese fonds | |
| Hooflid | |
| Nommer | |
| Opsie | |
| Huisdokter | |
| Allergieë | |
| Chroniese Medikasie | |
| Siekte Toestand | |
| Addisionele inligting waarvan Swellie-Nasorg moet kennis dra | |

## PERSOON WAT KIND/ERS BY NASORG OPTEL

☐ **Moeder**

☐ **Vader**

☐ **Alternatiewe**____________________________________

## ALTERNATIEWE KONTAKPERSOON IN GEVAL VAN NOOD

| | |
|---|---|
| Verwantskap | |
| Naam | |
| Van | |
| Selfoonnommer | |
| Telefoon Huis | |
| Telefoon Werk | |
| E-posadres | |
| Beroep | |
| Werkgewer | |
| Werkgewer Telefoonnr | |
| Woonadres | |

## SWELLIE-BROERS EN -SUSTERS

| | | | |
|---|---|---|---|
| Kind 1 | | Graad | |
| Kind 2 | | Graad | |
| Kind 3 | | Graad | |
| Kind 4 | | Graad | |

## TOESIG VAN KIND(ERS) – INDIEN GESKEI

Laerskool Swellendam is verbind daartoe om in die leerder(s) se beste belang op te tree in alle aangeleenthede wat die kind raak. Indien ouers geskei is/weer in die huwelik bevestig is met 'n ander party, dui asseblief aan:

Ouer met toesig en voogskap van die leerder ooreenkomstig die egskeidingsbevel:

__________________________________________________________________________

Reëlings ten opsigte van afhaal, naweke en dies meer, waarvan die nasorg moet kennis dra:

__________________________________________________________________________

## ALGEMENE VRYWARING

Ek, die ondergetekende, ouer/wettige voog van gemelde leerder/-s, verstaan en aanvaar dat my kinders Swellies-Nasorg op eie risiko bywoon. Ek onderneem namens myself en my kinders om Swellies-Nasorg, die personeel, die Beheerliggaam en Laerskool Swellendam, kwyt te skeld en te onthef van alle aanspreeklikheid ten opsigte van enige, of alle eise, van watter aard ookal, wat mag ontstaan in verband met die verlies of skade aan die eiendom of persoonlike besering van my kinders, tydens bywoning van Laerskool Swellendam en Swellies-Nasorg, of tydens die beweeg na en van sportaktiwiteite.

## TARRIEWE (*DUI PAKKETKEUSE AAN MET X*)

| | | |
|---|---|---|
| R1 460 | **Betaalbaar oor 11 maande – Januarie tot November**<br>Vervoer vanaf Swellenduimpie ingesluit<br>Vervoer na buitemuurse aktiwiteite buite die skool uitgesluit | |
| R1 600 | Nasorg met vervoer na buitemuurse aktiwiteite ingesluit | |
| R 150 | Sorg per dag – halfdag (gedurende die kwartaal) | |
| R 230 | Sorg per dag - voldag **(in vakansie – kinders wat nie ingeskryf is by die nasorg nie)** | |

R200 jaarlikse registrasiefooi sal by die inskrywing van u kind gehef word
(nie terugbetaalbaar nie en betaalbaar vir alle betalingsopsies)

Swellie-Nasorg sal dwarsdeur die jaar skoolvakansies oop wees behalwe in Desembervakansie wanneer die nasorg saam met Laerskool Swellendam sal sluit.

Swellie-Nasorg sal gesluit wees op alle publieke vakansiedae en spesiale skole vakansiedae.

Sorg tydens vakansies is ingesluit by maandelikse tarief vir ingeskrewe Swellie-Nasorg leerders. Sorg per dag word ook gebied vir kinders wat nie ingeskrewe nasorg leerders is nie en moet vooruit bespreek word.

**Een betaalde kalendermaand se skriftelike kennisgewing word benodig om die Swellies-Nasorg te verlaat. Kansellasies moet gestuur word aan:**
**Sonja van der Wath by finansies@swellies.co.za EN**
**Sonja Keyser by Sonja.Keyser@swellies.co.za**

Kennisgewing gedurende Novembermaand sal slegs aanvaar word indien u nie meer in die komende jaar van die nasorg fasiliteite gebruik gaan maak nie.

Geen leerder sal toegelaat word om in te skryf by die nasorg indien:

- Die betrokke leerling 'n agterstallige skoolfondsrekening as ingeskrewe leerder van Laerskool Swellendam het nie.
- Die betrokke leerling agterstallige nasorg fooi het nie.

## BANKBESONDERHEDE VIR BETALINGS

**Laerskool Swellendam**
**ABSA Tjek Rekening Nommer: 4099826069**
**Takkode: 632005**
**Verwysing: Familiekode en "Nasorg"**

Stuur asseblief bewys van betaling na finansies@swellies.co.za

**GEEN KONTANT SAL AANVAAR WORD NIE.**

Debietorder is welkom en kan direk by u bank gereël word.

# PERSOON AANSPREEKLIK VIR NASORG-REKENING

| | |
|---|---|
| Verwantskap | |
| Volle name | |
| Van | |
| Selfoonnommer | |
| Telefoon Huis | |
| Telefoon Werk | |
| E-posadres | |
| Beroep | |
| Werkgewer | |
| Werkgewer Telefoonnr | |
| Woonadres | |

Dit is die verantwoordelikheid van die ouer, wie die leerder by die skool ingeskryf het, om seker te maak dat bogenoemde persoon die Swellie-Nasorg rekening sal vereffen, andersins sal u aanspreeklik wees om die rekening te betaal.

Ek/Ons erken hiermee dat ons/ek die betekenis van klousule 6 & 7 en die ander bogenoemde voorwaardes verstaan en aanvaar.

Ek/Ons bevestig hiermee dat ek/ons die inligting hierin vervat rakende reëls, regulasies en betalings ontvang, verstaan en daaraan sal onderwerp . Ek bevestig dat ek vertroud is met die inhoud van hierdie dokument en dat ek dit met my kind/ers bespreek het (gedragskode, reëls en regulasies).

GETEKEN te ________________________ op die _______ dag van _________________

20____ in die teewoordigheid van die ondergetekende getuies.

**AS GETUIE**:

____________________________________ ______________________________

***Volle naam & van*** ***Handtekening***

**OUER:**

____________________________________ ______________________________

***Volle naam & van*** ***Handtekening***

# GEDRAGSKODE EN REËLS

Swellie-Nasorg is ‘n ouer-gefinansierde diens wat aangebied word deur die Laerskool Swellendam. Bywoning is vrywillig en is beskikbaar vir leerders vanaf Graad R tot Graad 7 in Swellendam. Swellie-Nasorg streef daarna om diens van hoogstaande gehalte aan die leerders en ouers te verskaf, onder andere, die opvoeding en versorging van die leerders na skool.

## 1. MISSIE

Swellie-Nasorg streef daarna om ‘n gehalte diens te verskaf wat te alle tye die kind se welwaart ten doel stel. Die personeel van Swellie-Nasorg versorg die leerders en sien om na hulle akademiese, emosionele en fisiese behoeftes.

## 2. REËLS VIR KINDERS

### 3.1 ALGEMEEN

- Nasorgleerders moet direk na skool of buitemuurse aktiwiteite na die nasorglokaal beweeg sodat hulle op die register aanwesig gemerk kan word.
- Leerders moet binne die aangewysde areas (waar toesig is) bly tydens studietyd en speeltyd om hulle veiligheid te verseker.
- Mede leerders, personeel en toerusting moet te alle tye met respek behandel word.
- Geen afknouery, vuil taal, tergery of enige ander afbrekende gedrag word toegelaat nie en sal onmiddellik aangespreek word.
- **Dit is die verantwoordelikheid van u as ouer(s) om Swellie-Nasorg in kennis te stel van enige buitemuurse aktiwiteite, asook enige veranderinge m.b.t tye en adresse van die onderskeie aktiwiteite.**
- Met die ondertekening hiervan onderwerp ouers en leerders hulle aan die reëls van Swellie-Nasorg.

### 3.2 AKADEMIES

- Studietye tydens skoolkwartale word daargestel om ‘n gesonde akademiese gewoonte/roetine by kinders te kweek.

- Studietye vir leerders is as volg:

    - Graad R 13:00 - 14:00
    - Graad 1 & 2 14:00 – 16:00
    - Graad 3 – 7 14:00 – 17:00

- Tydens studietye sal daar van leerders verwag word om huiswerk/aanvullende aktiwiteite/eie aktiwiteit te doen binne die studielokaal, hetsy lees, teken of inkleur.
- Huiswerk sal voltooi word, al is dit buite studietye. Tydens assesserings sal studietye verleng word na gelang van die behoefte.
- Leerders (Graad 4–7) moet 'n huiswerkboek hê en dit is hulle verantwoordelikheid om te verseker dat ALLE huiswerk afgeskryf word. ALLE boeke wat betrekking het op huiswerk moet ook saamgebring word nasorg toe.
- Swellie-Nasorg aanvaar nie verantwoordlikheid vir huiswerk wat nie afgeskryf is nie of werk wat nie voltooi is nie as gevolg van boeke wat nie teenwoordig is nie.
- Rekenaars binne die nasorglokaal is slegs vir navorsing vir take / mondelinge en aanbiedings om werk van Google Classroom af te trek.

**3.3 SPEELTYE / AREAS**

- Leerders moet te alle tye binne die aangewysde areas (waar toesig is) bly.
- Leerders mag nie ind ie bome by die skool klim nie.
- ALLE speeltoerusting (binne en buite) moet met respek behandel word en geen vernietigende gedrag sal geduld word nie
- **Ouers moet asb toesien dat leerders te alle tye 'n gemerkte waterbottel het.**
- Eie speelgoed word op eie risiko nasorg toe gebring.
- Nasorg behou die reg om speletjies wat onvanpas of ander leerders negatief beïnvloed te stop.

**Leerders moet hierdie reëls nakom. Leerders wat nie die reëls nakom nie, sal aangespreek word na gelang van hul oortreding.**

Swellie-Nasorg verbind hom daartoe om kinders te beskerm en goeie gewoontes, waardes en roetine aan te kweek en te onderhou. Ons maak op ouers staat om die nodige dissipline en goeie roetine / gewoontes by die huis aan te leer en toe te pas. 'n Goed opgevoede kind het 'n goeie fondasie en 'n sterk karakter en kan dus die regte keuses maak en die regte besluite neem in moeilike situasies.

**3. BOELIEBELEID**

Dit is Swellie-Nasorg en Laerskool Swellendam se beleid om 'n vriendelike, veilige omgewing aan alle Swellie-Nasorg leerders te bied. Enige vorm van boeliegedrag is onaanvaarbaar en sal nie geduld word nie.

Boeliegedrag is wanneer een of meer leerders optree teenoor mekaar met die doel om seer te maak, te verneder, te ontstel of ongemak te veroorsaak oor 'n periode van tyd.

Boeliegedrag is 'n vorm van teistering. Indien sulke gedrag plaasvind, moet leerders weet dat 'n insident onmiddellik aangespreek en hanteer sal word.

*<u>Boeliegedrag kan in die volgende vorms voor kom:</u>*

- Emosioneel
- Fisies
- Rassisties en Godsdienstig
- Seksueel
- Verbaal en Digitaal (ook na ure)

Boeliegedrag maak seer. Niemand verdien om ‘n slagoffer daarvan te wees nie. Boelies moet leer dat hulle gedrag onaanvaarbaar is en dat hulle alle mense met respek moet hanteer. Enige iemand wat weet van boeliegedrag, moet dit onmiddellik rapporteer aan die Nasorg-hoof.

**4. <u>GESAG</u>**

Die leerders en Swellie-Nasorg Ouergemeenskap moet aanvaar dat dit ‘n Nasorgsentrum se plig is om toesig oor die leerders te hou en dat sekere reëls in plek gestel is om ‘n gesonde en veilige omgewing vir die leerders te skep, tydens hulle verblyf by die nasorg. Die gedragskode is ook van belang sodat Swellie-Nasorg op ‘n ordelike en effektiewe wyse kan funksioneer.

**5. <u>DISSIPLINE</u>**

7.1 Dissipline moet te alle tye gehandhaaf word, sodat leerders kan voortgaan met hulle program in ‘n veilige omgewing en rustige atmosfeer. Dissipline word daargestel sodat die Nasorgpersoneel kan voortgaan om hulle taak te verrig en na die behoeftes en veiligheid van die leerders te kan omsien. Die leerders word blootgestel aan ‘n gesonde dissiplinestelsel wat hulle in staat sal stel om te onderskei tussen wat reg en verkeerd is, binne en buite die nasorgsituasie. In hierdie omgewing sal die leerders dus leer om vir hulle dade en optrede verantwoordelikheid te aanvaar.

7.2 Dit is ons visie by Swellie-Nasorg om ‘n kultuur te skep vir veilige versorging van kinders en om aan elke leerder die geleentheid te bied om te leer en sy/haar sport of kultuur te beoefen. Dit kan nie plaasvind in ‘n atmosfeer van wanorde nie. Leerders sal gedurig herinner word aan die belangrikheid van positiewe gedrag.

7.3 Regstellende aksie sal geneem word om die gedrag te korrigeer, tot beswil van die oortreder en ander leerders. Die onderlinge samewerking tussen die Ouer-/Voog en die Nasorgpersoneel bly steeds van kardinale belang.

7.4 Hierdie beleid moet saamgelees word met die dissipline beleid van Laerskool Swellendam aangesien dieselfde stelsel by Swellie-Nasorg gevolg word.

7.5 Leerders wat nie die beleid nakom nie, kan versoek word om Swellie-Nasorg vir een week te verlaat.

7.6 Herhaaldelike oortredings kan lei tot permanente verwydering uit Swellie-Nasorg.

**ALGEMENE INLIGTING**

8.1 Kommunikasie vanaf Swellie-Nasorg na die ouers geskied deur middel van Whatsapp-boodskappe of briewe.

8.2 Dit is die ouer se verantwoordelikheid om al die besonderhede en veranderinge rondom leerders se buitemuurse aktiwiteite vir die kwartaal deur te gee aan Swellie-Nasorg. Die inligting kan deur gestuur word aan Sonja Keyser op 082 444 5520.

8.3 Leerders ontvang ‘n gebalanseerde middagete by die Nasorg. Enige voedsel allergië moet aan Swellie-Nasorg gekommunikeer word. Daar is altyd koue drinkwater beskikbaar.

8.4 Na ete word die leerders die geleentheid gegee om vir ‘n rukkie te speel voor hulle na hulle betrokke huiswerkklasse beweeg waar daar met hulle huiswerk gedoen word. Ons verseker dat leerders op die regte tyd by hulle aktiwiteite aankom, soos deur ouers gekommunikeer.

8.5 Selfone en tablette word slegs toegelaat tydens vakansies. Die toestelle sal glad nie buite toegelaat word nie. Daar sal spesifieke tye aangewys word wat die toestelle gebruik mag word. Wat gekyk/gedoen word met die toestel sal gemonitor word en die toestel sal verwyder word indien onvanpaste speletjies gespeel word of “video’s” gekyk word. Hierdie toestelle word op eie risiko skool toe gestuur.

8.6 Daar is ‘n uittekenregister waar die ouers hulle kinders elke middag **moet** uitteken wanneer hulle die kinders kom haal. Wanneer enige ander persoon u kind kom haal, moet dit as sulks gekommunikeer word, anders sal die kind nie toegelaat word om te gaan nie.

8.7 Ouers moet onthou om hul kinders voor of stiptelik om 17:30 af te haal. Indien u laat is en u ons nie in kennis stel nie, sal ‘n boete van R50 gehef word vir elke 10 minute wat u laat is.

8.8 Ons het ‘n voorvalle-boekie waarin ons insidente opteken. Dit sal byvoorbeeld wees wanneer kinders baklei en dit nodig is om op te tree. Ons skryf alle voorvalle neer asook watter stappe geneem is. Ons ontlont die situasie deur die betrokke partye te isoleer. Daar word met hulle gepraat en kans gegee om af te koel (“time-out”).

8.9 Met meer ernstige oortredings sal die ouers daarvan in kennis gestel word en dan, indien nodig, sal verdere stappe geneem word. Dieselfde reëls wat geld t.o.v. dissipline by die skool geld ook by die nasorg. Dissipline-situasies word deur die nasorg hanteer en sal slegs in uiterste gevalle verwys word na die skoolbestuur.

8.10 U word versoek om enige klagtes aan te meld en volledige insig in situasies te bekom. Kom bespreek dus gerus enige saak met die Nasorgbestuurder.

8.11 Ons is verbind tot die verbetering van ons dienste ten einde u kind se holistiese welstand en ontwikkeling te verseker en verwelkom dus enige opbouende kommentaar en voorstelle wat kan bydra om die doel te bereik.

8.12 Gaan asseblief die vorm saam met u kind/ers deur sodat hulle bewus is van die reëls en regulasies.

**Ons sien uit daarna om u by ons Swellie-Nasorg familie te verwelkom**

## BENODIGDHEDE

Graag vra ons dat die volgende items soos uiteengesit hier onder saamgestuur word vanaf die eerste dag van bywoning.

***<u>ALLES MOET ASSEBLIEF DUIDELIK GEMERK WEES!!!!!</u>***

**Graad R - Graad 3:**

- 1 x Pak Wipes
- 1 x Rol Handdoekpapier
- 1 x Boks Tissues
- 1 x Boks Pleisters (Elastoplast of Cliks)
- Waterbottel
- Ekstra stel seisoengepaste klere
- Roomysbak met die volgende:
    - Uitdraaikryte
    - 2x Potlode
    - 1 x Uitveër
    - Skêr
    - Pritt
    - A4 skryfboek (192 bladsye)

**Graad 4 - Graad 7:**

- 1 x Pak Wipes
- 1 x Rol Handdoekpapier
- 1 x Boks Tissues
- 1 x Boks Pleisters (Elastoplast of Cliks)
- Waterbottel
- Ekstra stel seisoengepaste klere
- Roomysbak met die volgende:
    - Kleurpotlode en/of uitdraaikryte
    - 4 x potlode/pacer met pakkie punte
    - Skêr
    - Pritt
    - 2 x uitveërs
    - A4 Hardebandboek (192 bladsye)